Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: Om mekaar raak te sien

Skriflesing: Markus 1:29-39 (1953)

29 EN dadelik toe hulle uit die sinagoge uitgegaan het, kom
hulle saam met Jakobus en Johannes in die huis van Simon
en Andréas.
30 En die skoonmoeder van Simon het siek gelê aan die
koors; en dadelik het hulle Hom van haar gesê.
31 Daarop gaan Hy na haar, neem haar hand en rig haar op,
en dadelik het die koors haar verlaat, en sy het hulle bedien.
32 En toe dit aand geword het en die son onder was, het hulle
na Hom gebring almal wat ongesteld en van duiwels besete
was.
33 En die hele stad het by die deur saamgekom.
34 En baie wat aan allerhande siektes gely het, het Hy gesond
gemaak en baie duiwels uitgedryf en die duiwels nie
toegelaat om te praat nie, omdat hulle Hom geken het.
35 En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy
opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en
daar gebid.
36 En Simon en die wat by hom was, het Hom gevolg.
37 En toe hulle Hom vind, sê hulle vir Hom: Almal soek U.
38 En Hy sê vir hulle: Laat ons na die naburige dorpe gaan,
sodat Ek ook daar kan preek; want daarvoor het Ek
uitgegaan.
39 En Hy het die hele Galiléa deur in hulle sinagoges gepreek
en die duiwels uitgedryf.

Broodjies vir die pad

Capernaum
The epicenter of Jesus' mission

We are accustomed to speak of Jesus as being from Nazareth in Galilee, or even from Bethlehem in Judea. However, the major center for Jesus' public ministry seems to have been the lakeside village of Capernaum (literally, the Village—*Khefar*—of Nahum).

The **Biblical Archaeology Review** of Jan/Feb 2003 provides this summary of information about Capernaum:

> Capernaum, on the northwestern shore of the Sea of Galilee, is 7 miles north of Tiberias and figures prominently in all four Gospels (Matthew 4:13, 8:5, 11:23, 17:24; Mark 1:21, 2:1; Luke 7:1; John 4:46, 6:16, 24, 59). During the early Roman period it was an important border village between Galilee and the Golan, and Jesus probably lived there during some part of his Galilean ministry. The Gospels report that Jesus had a close relationship with four prominent, wealthy families from the upper part of the city. An excavation in 1978–82, directed by Vassilios Tzaferis, uncovered the foundations of large villas, a Roman bath, shops, fish pools and coins.
>
> In fall 2003, Tzaferis and Charles Page, both of the Jerusalem Center for Biblical Studies, will return to excavate at Capernaum, focusing on the first-century A.D. ruins along the shoreline near the wall that separates the part of Capernaum held by the Greek Orthodox Church from the part held by the Franciscan order. The dig team will expand the excavation of the Roman bath and the villa adjacent to it. Their long-term goal is to uncover information about the lives of the wealthy citizens of Capernaum and Jesus' relationship to them.

(At the present time - Februry 2012 - there have been no "follow up" stories in BAR about any new insights from these proposed exavations at Capernaum.)

The following **BAR** articles have dealt with some aspect of Capernaum:

- Mendel Nun, "Ports of Galilee," BAR 24:01
- John C.H. Laughlin, "Capernaum from Jesus' Time and After," BAR 19:05
- Herold Weiss, "Gold Hoard Found at Capernaum," BAR 09:04
- James F. Strange and Hershel Shanks, "Synagogue Where Jesus Preached Found at Capernaum," BAR 09:06
- Strange and Shanks, "Has the House Where Jesus Stayed in Capernaum Been Found?" BAR 08:06.

[...]

In the morning, while it was still very dark, he got up and went out to a deserted place, and there he prayed. And Simon and his companions hunted for him. When they found him, they said to him, "Everyone is searching for you." He answered, "Let us go on to the neighboring towns, so that I may proclaim the message there also; for that is what I came out to do." And he went throughout Galilee, proclaiming the message in their synagogues and casting out demons. (Mark 1:35-39, NRSV)

Crossan and Reed comment as follows:

In Mark, Jesus prays in Capernaum at the start and in Gethsemane at the end of his public life. He prays when his will is tempted to deviate from the divine will, either in life or in death. And to settle down at Capernaum and let all come to him is against the geography of the Kingdom of God. That is why Jesus "came out" from Peter's (wife's) house. It could not be his "home base" as if the Kingdom of God could, like the kingdoms of Caesar Augustus at Rome, of Herod the Great at Caesarea, or of Herod Antipas at Sepphoris then Tiberius, have a dominant center, a controlling place, a local habitation and a name.
... That first-century Capernaum house may well have been where Jesus visited and stayed as a guest. But it was not the "home base" of the Kingdom of God. That could be neither with his family at Nazareth nor with Peter at Capernaum, because, unlike the conventional kingdoms it opposed, this covenantal kingdom could not have a dominant place to

which all must come, but only a moving center that went out alike to all.

http://wiki.faithfutures.org/index.php?title=Proper_5B

◆◆◆

Elkeen wil van geweet en geliefd wees

Wilhelm Jordaan

Elke mens wil van geweet wees. Dat jy saak maak; nie maar net ’n onbeduidende voetnoot in die groot lewensjoernaal is nie. Wat kommer wek, is die maniere waarop mense deesdae van geweet wil wees.

Die ideaal is dat ’n mens allereers van geweet word in hegte verhoudings – soos dit in intieme verhoudings in die gesin kan gebeur. In dié basiese geborgenheid kry jou “private self”, jou eiesoortige mensheid, beslag. Met dié rugsteun is dit jou keuse oor hoe en teenoor wie jy later in jou lewe jou private self bekend maak.

Dit gebeur wanneer jy ander mense (geliefdes, vriende en kollegas) ontdek by wie jy aanklank vind. Wanneer dít wedersyds gebeur, dra mense werklik kennis van mekaar.

Dit beteken jy dra dié kennis saam as ’n gewig wat ook op jóú skouers rus – soms swaar en pynlik soos vir die ander; soms verruklik lig, speels en prettig.

Daar is iets magies aan dié soort uitruilende aanklank in die teenwoordigheid van ’n ander. Soos Carlos Amantea dit in The Lourdes of Arizona verwoord:

“The quiet listener nods, making it easy to speak, to ease out the hurt – the gulf of pain, the birthing of agony. The words pass, the pain gets parted a bit, the soul comes to feel lighter, raised out of the dark. A non-judgmental hearer, there to ease us out of the midnight of feelings, ease us into freedom, with our own words. It is magic.”

Dié manier van geweet wees word egter al hoe meer bedreig. Mense soek die “magic” elders en vind dit deur die private self in die uitdyende openbare, elektroniese ruimtes oop te spalk. Dit is minder bedreigend om “aanlyn” mens te wees as om mens in “lewende lywe” te wees.

Dit beteken nie die sosiale elektroniese ruimtes is verwerplik nie. ’n Mens moet net versigtig wees oor waarom en hoe gereeld jy dit benut. Want selfonthulling kan ontaard in ’n openbare skouspel; met die illusie dat jy deur al die nuwe, wemelende “konneksies” na die sewende hemel van allesvervullende vriendskap sal verhuis. Dié illusie word bevorder deur die wyse waarop mense met sterstatus, dikwels doelbewus, hul private ruimtes aanwend om nog meer bekendheid en aansien in die openbare ruimte se kalklig te bekom.

In die supersterre se elektroniese peuselkossies en brokkies is daar gereeld ’n opvallende patroon: Flentertjies ervarings, triviale insidente en biegbonanzas floreer; afgewissel met dunnerige moraliserings en uitsprake oor wat die lewe hulle geleer het. Oplaas gaan dit egter oor egostreling en selfpromosie wanneer die “likes” instroom.

Daarmee skep die glansmense vir die gewones ’n navolgbare model: Die onweerstaanbare narkotikum van ’n “plek” en “stem” in die openbare elektroniese ruimtes waar jy na hartelus die self kan weef – al is die weefstof selfoorskatting, wensdenkery, versinsel of doodgewone leuens.

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-02-04-elkeen-wil-van-geweet-en-geliefd-wees

Brood vir die pad

Nagedink oor ons woorde vir deugde

Dirkie Smit

Iemand herinner nou die dag aan die storie van die deug sonder naam. Die Katolieke denker Karl Rahner moes iets oor deugde skryf – toe skryf hy oor die deug sonder naam! Eintlik nie so snaaks nie, want die meeste deugde, die béste, die nodigste, hét dalk nie name nie. Veral nie in ons tyd nie. Ons beskik nie meer oor ’n indrukwekkende morele woordeskat vergeleke met die ryk morele taal van antieke tye nie. Ons het grootliks dié taal verloor, afgeleer sê dit dalk beter. Ons etiese taalvaardigheid in tye van selfvervulling en outentisiteit is nie so watwonders nie.

Maar nou ja, dat ons nie oor woorde beskik vir ervaringe nie beteken nie dat dít nie gemáák word nie. Dat taal ons ontbreek om oor deugde te praat impliseer nié dat ons nie steeds mense met deugde benódig nie, inteendeel. Dis net dat ons vandag die vrae ánders moet stel. Nie (trompop) vra watter deugde ons hoog ag nie, maar eerder van watter soort mense ons graag meer sou wou sien. Watter soort politici kort ons deesdae? Watter soort leiers? Burgers? Sakelui, staatsamptenare, onderwysers, polisie? Om van ouers nie te praat nie. Mense wat hóé is en wát doen? En dalk nog nader, hoe hoop ons draai ons eie kinders eendag uit? Met watter soort karaktertrekke en strewes? Met watter soort verhoudinge? Alles om ons wêreld effe mensliker te maak, terwyl dinge mos deesdae maar so-so is?

Dis steeds die outydse vrae na deugde dié, net gekamoefleer. Maar nou vir die ding. Ons sukkel om dié vrae lekker te beantwoord. Want as ons sulke mense wil beskryf deur na deugde te verwys, gaan dit van meet af maar leeg klink, na holle gemeenplase, niksseggend. Gestel ons sê ons kort meer eerlike mense? Of liefdevolles? Verantwoordelik, tolerant, respekvol, dalk nierassig? Die een sê tog so min soos die ander. Wat bedoel ons eintlik?

Dis in só ’n tyd dalk beter om ómgekeerd te begin. Nie by deugde nie, maar by die mense sélf wat ons waardeer, selfs bewonder, by hul dáde, stories, optrede – dalk ’n ma, onderwyser, vriend, openbare figuur. By ons eie belewenisse van spesifieke rolmodelle. Laat ons vertel wáárom ons só voel oor hulle, waarom ons meer van hulle soort sou wens. Hoe leef hulle dan, wat doen hulle dan? Alles raak oppervlakkig sodra ons hulle wil reduseer tot algemene begrippe, tot rubrieke waar hulle inpas, juis omdat hul lewe soveel gróter is, dieper, voller, grootser as wat ons holrug-woorde ooit kan beskryf. Hardwerkend, getrou, offervaardig, vergewens-gesind, kan sulke stamelende woorde ooit vasvang wie diesulkes régtig is?

Soos by begrafnisse, waar ons ons skaam vir ons ontoereikende taal? Gestel – byvoorbeeld – iemand het inderdáád geleef volgens die gesindheid wat in Christus was, soos Paulus vra ons sal doen, te wete dit “geen roof geag nie”, alles waarop sy kon aanspraak maak afgelê vir ander, haarself ontledig, haar lewe lank (Fil. 1:27-2:11). Hoe beskryf ’n mens só een? Watter woord kan dit sáámbundel? Om dit geen roof te ag nie, wat vir ’n deug is dít?

http://www.netwerk24.com/stemme/2015-01-31-nagedink-oor-ons-woorde-vir-deugde

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877